

interessante essay oor Azerbaijani-orrelmusiek, word ook ingesluit.

Swart-en-wit foto's toon die komponis alleen, maar ook in die geselskap van groot persoonlikhede uit die Russiese musiekwêreld. Daar is ook foto's van 'n toneel uit die ballet *Seven Beauties*, en twee foto's van die orrelis, onder andere een met die orrel van die St. Laurenskerk van Rotterdam op die agtergrond.

Jamila Javadova-Spitzberg het met hierdie waardevolle klankdokument van 'n onbekende komponis se komposisies (vir die Westerse musiek liefhebber, bygesê) 'n produk gelewer wat van begin tot einde pure luistergenot verskaf. Die musiek is melodieus, met neo-Romantiese ondertone, en daag die luisteraar soms uit met kontrapunt, 12-toonskakerings, jazz en eksotiese ritmes – kortom: 'n verskeidenheid style en tegnieke ter bevestiging van die vaardigheid en grondige opleiding van Garayev as musikus, komponis en musikoloog.

Die CD kan bestel word deur in te skakel by die webwerf www.jjavadovaspitzberg.com en daarvandaan die bestelling en betaling te doen volgens die PayPal-sisteem, of om 'n e-pos te stuur na die kontakadres wat op die webwerf verskaf word.

OCKIE VERMEULEN • ORGANIC

D. Foster: *St. Elmo's Fire*; **C.P.E. Bach:** *Solfeggio*; **G.F. Handel:** *Zadok's Hallelujah*; **Vivaldi-Bach:** *Concerto in A [sic]*; **Trad./D. Foster:** *Carol of the Bells*; **B. Anderson, B. Ulvaeus, J.S. Bach:** *Bach & Money*; **F. Mercury:** *Bohemian Rhapsody*; **C. Steyn:** *Vendetta*; **P. Cincotti:** *Make it out alive*; **K. Reid, G. Brooker, M. Fisher:** *Whiter Shade of Pale*; **A. Vivaldi:** *Winter*; **J. Tempest:** *The Final Countdown*.



Ockie Vermeulen (orrel) met die medewerking van verskeie instrumentaliste: Lizelle le Roux, Evert van Niekerk, Jacques Fourie (viole); Susan Mouton, Laurie Howe (tjello's); Juan Oosthuizen (kitaar); Denny Lalouette (baskitaar); Vinnie Henrico (tromme)

AFV 1946 (CD 43:14)

Afrikaanse kommentaar ingesluit

Opname: Rieger-orrel in die ZK Matthews-saal, Unisa, Pretoria (2017)

Die Gautengse orrelis en musikus, Ockie Vermeulen, het bekendheid verwerf weens vele konserte en solo-uitvoerings, maar ook deur sy bydrae tot die *cross-over* genre met sy vorige CD-vrystellings, naamlik *Highland Cathedral*, *Arena* en *Obsession*.

Vermeulen kom weer na vore met 'n heerlike verskeidenheid van ouer treffers en klassieke werke in 'n nuwe baadjie. Die verwerkings, almal deur Vermeulen, behalwe in twee gevalle waar Charl du

Plessis (*Whiter shade of Pale*) en Wessel van Rensburg (Bach-Vivaldi se *Concerto in A* [sic]) betrokke was, pas die musiek soos 'n handskoen en toon dat daar respekvol met elke komposisie omgegaan is. Die bekende temamusiek uit die film *St. Elmo's Fire*, open hierdie vrystelling en wek nostalgie. Abba se *Money, Money, Money*, die immergewilde *Bohemian Rhapsody* en *The Final Countdown* behoort by vele luisteraars inslag te vind. Klassieke werke van Bach (vader en seun), Handel en Vivaldi word vindingryk aangebied, hoewel die *Zadok's Hallelujah*, myns insiens, ietwat geforseerd aandoen. Die Bach-Vivaldi-konsert laat die tone krul met die jazz-inkleding, en wat kan koue beter klankmatig voorstel as Vivaldi se *Winter* – hier uitstekend verwerk en aangebied met die indrukwekkende virtuose vioolspel van Lizelle le Roux.

Ockie Vermeulen bevestig en versterk weereens sy reputasie as uitmuntende verwerker en musikus. Die orrel word gebruik in 'n gee-en-neem formaat: soms solisties, soms as klankskakering in die agtergrond. Vermeulen is ook die pianis in sommige van die verwerkings. Hy word bygestaan deur 'n agt-stuks ensemble, bestaande uit strykinstrumente, kitaar, baskitaar en tromme – almal bekende musici in eie reg.

Die CD-boekie bevat twee opstelle, "By die dood van 'n ma" en "Insake wins en verlies", waarin Vermeulen hulde bring aan sy oorlede moeder. Daar is ook twee foto's van die orrelis, waarvan die een byna soos 'n konstellasie van sterre aangebied word. Geen CV word verskaf nie, asook geen programinligting nie, behalwe die noodsaaklikste gegewens oor die mede-musici, produksieleier en ander persone wat agter die skerms betrokke was by die produksie.

Hierdie resensent wil herhaal wat in 'n vorige resensie van *Obsession* geskryf is, naamlik dat Vermeulen se visie om die orrel uit die kerklike sfeer te haal en 'n totaal ander baadjie te laat aantrek, navolgenswaardig is. Hierdie CD-uitreiking word sterk aanbeveel en behoort byval te vind by almal met 'n nostalgiese hart – jonk en oud!

Die produk word landwyd versprei deur Musica.